FUNKSIES EN AKSIES

Van die

RPO

Inligtingstuk saamgestel deur:

André Ferreira: Voorsitter VSRPO

Johann Stadler: Vise Voorsitter VSRPO

Mei 2010

(Hoofsaaklik vir gebruik deur streekbestuurders in hulle onderskeie streke)

H/v Abrahamskraal en Ou Kimberley Pad Bloemfontein
Posbus 54 Bloemfontein 9300
Telefax: 051 451 2314
vrystaatrpo@vodamail.co.za

Funksies en Aksies van die RPO

1. Die RPO as organisasie
2. Ander rolspelers in die rooivleisbedryf
3. Statutêre en vrywillige heffings
    - 3.1 Statutêre heffing
    - 3.2 Vrywillige heffing
4. Aksies van RPO in belang van rooivleisprodusente
    - 4.1 Federasie van rooivleisprodusente
    - 4.2 Owerheidskakeling
    - 4.3 Internasionale skakeling
    - 4.4 Produsenteskakeling
    - 4.5 Verbruikerskakeling en bemarking
    - 4.6 Vleisklassifikasiestelsel
    - 4.7 Invoer- en uitvoermonitering
    - 4.8 Invoerheffing
    - 4.9 Dieregesondheid
    - 4.10 Veediefstal
    - 4.11 Skade veroorsakende diere
    - 4.12 Indringerplante
    - 4.13 Navorsing
5. Slotopmerkings

1.Die RPO as organisasie

Die Rooivleis Produsente Organisasie (RPO) het in 1983 tot stand gekom om die belange van die primêre rooivleisprodusente (dus die boere) te behartig. Na die ontbinding van die Vleisraad het die rol van die RPO aansienlik uitgebrei.

- Die RPO is ‘n diensorganisasie wat die belange van die kommersiële produsente in die waardeketting van die rooivleisbedryf verteenwoordig.
- Die RPO se doelstelling is om as kollektiewe bedingings- organisasie die ekonomiese welvaart van sy lede te verbeter.

  Die RPO bestaan organisatories uit die Nasionale RPO, nege provinsiale RPO’s en sekere afiliale (kyk organigram)

Die nasionale RPO se bestuur bestaan uit ‘n voorsitter, twee vise-voorsitters, verteenwoordigers van die onderskeie filiale en ‘n voltydse bestuurder, bygestaan deur twee sekretariële en administratiewe persone.

Die provinsiale RPO’s se bestuur bestaan uit ‘n voorsitter, vise-voorsitter en verteenwoordigers van die onderskeie streke. Die Vrystaat is byvoorbeeld ingedeel in 13 streke (kyk Kaart)

2. Ander rolspelers in die rooivleisbedryf

Benewens die RPO, wat die primêre rooivleisprodusente verteenwoordig, is daar natuurlik verskeie ander rolspelers in die waardeketting van die rooivleisberyf, naamlik:

SA Varkvleisprodusente-Organisasie (SAVPO)
Rooivleis Abattoirvereniging (RVAV)
SA Voerkraalvereniging (SAFA)
SA Federasie van Lewendehawe- en Vleismakelaars (SAFLA)
Nasionale Federasie van Vleishandelaars (NFMT)
SA Nasionale Vebruikersunie (SANCU)
Assosiasie vir uitvoerders en invoerders (AMIE)
Huide, Leer en velle (SHALC)
National Emerging Red Meat Producers Organisation (NERPO)
SA Vleisprosesseerders (SAMPA)
South African Meat Distributors and Allied Workers Union (SAMDAWU)

Die RPO en al hierdie instellings is saamgesnoer in die VLEISFORUM wat as mondstuk dien vir die totale vleisbedryf. Die RPO word op die Forum verteenwoordig deur Grootvee en Kleinvee afsonderlik (kyk organigram)



Rooivleisforum organigram

3. Statutêre- en vrywillige heffings

3.1 Statutêre heffing

Na die ontbinding van die Vleisraad onder die beheerraadstelsel van die vorige bedeling was daar nie meer voldoende fondse beskikbaar vir noodsaaklike navorsing en ontwikkeling vir die rooivleisbedryf nie. [slegs rente op trustfondse van die voormalige Vleisraad, wat bestuur word

deur die Red Meat Industry Trust (RMIT), was beskikbaar vir navorsing]. Die gevolg was dat belangrike aksies vir die voortbestaan van die rooivleisbedryf, soos navorsing en bemarking, agterweë gebly het. Dit het onder andere daar toe gely dat verbruik van rooivleis begin daal het omdat geen navorsing met betrekking tot die behoeftes van verbruikers gedoen kon word nie en ook geen inligting aan verbruikers deur gegee kon word nie.

Die statutêre heffing is toe deur die Vleisforum namens die rooivleisbedryf as geheel aangevra-- nie deur die RPO alleen nie en dus is die statutêre heffing beslis nie ‘n RPO heffing nie, ‘n mistasting wat dikwels bestaan. Na drie jaar se samesprekings met die betrokke minister en sy departement is die statutêre heffing toe in November 2005 vir twee jaar toegestaan en in 2007 onveranderd vir drie jaar hernu (die volgende hernuwing vind plaas in November 2010). Die voorwaarde wat deur die owerheid aan die heffing gestel het, is dat dit ‘n funksiegedrewe heffing sal wees (maw geen administatiewe,kapitale of eindomsbefondsing mag uit die heffing gedoen word nie).

Alhoewel die statutêre heffing nie ‘n RPO heffing as sodanig is nie, het die RPO as lid van die Vleisforum belangrike insette gemaak met betrekking tot:

- Die bedrae van die heffing om seker te maak dat alle rolspelers ‘n bydrae maak en nie net die primêre produsent nie.
- Die funksies wat uit die statutêre heffing gefinansier kan word.

Die RPO se standpunt was van die begin af dat:

- Daar geen kruissubsidiëring tussen spesies en funksies moet plaasvind nie.
- Alle fondse wat geïn word jaarliks op die onderskeie funksies bestee moet word.

Die funksies wat geïdentifiseer is vir finansiering uit die opbrengs van die statutêre heffing is:

- Verbruikersekuriteit (voedselveiligheid)
- Produkpromosie
- Navorsing
- Bedryfskakeling
- Produksieondersteuning
- Ontwikkelende sektor
- Ad hoc projekte

Die heffing wat die afgelope vyf jaar gegeld het, is as volg:

Beeste per kop:	R3-00 / primêre produsente	
		R2-00 / voerkraalprodusente
Skape en Bokke	50 sent / primêre produsent	
Per kop	25 sent / sekondêre produsent	
Invoere:	Beeste	R7-00 / kop
	Kleinvee	R1-00 / kop
Vleis invoere	R0.03 / kg	
Huide en velle	1 sent / kg	
Bedryf : Agente	.07 % van kommissie	
	Handel	R300 / verkoopspunt per jaar

Die totale opbrengs uit die heffing is R17 miljoen, wat soos volg tussen die veskillende funksies verdeel is:

Funksie	R1000'e
Verbruikersgemoedsrus	**R1 966**
Bees	R1 578
Skaap	R 388
Verbruikersopleiding	**R4 953**
Bees	R3 911
Skaap	R 1 041
Navorsing	**R 2 825**
Bees	R1 941
Skaap	R 884
Bedryfskakeling	**R2 090**
Bees	R1 432
Skaap	R 658
Bedryfsprojekte	**R 222**
Bees	R 152
Skaap	R 70
Ontwikkelende sektor	**R2 166**
Bees	R1 539
Skaap	R 627
Produksie-ontwikkeling	**R3 262**
Bees	R1 864
Skaap	R1 397
TOTALE FUNKSIES	**R17 483**

**** Dit sluit 'n tien persent adminstrasiefooi in**

Soos reeds aangedui moet die statutêre heffing vanjaar weer hernu word. Die heffings bedrae wat oor die afgelope vyf jaar gegeld het, is reeds hersien en sal vanaf November in werking tree.

Die statutêre heffing hou beslis groot voordele vir die rooivleisbedryf in. Dit stel die bedryf in ‘n posisie om:

- Verlaagde groei in rooivleisverbruik teë te werk deur beter verbruikerskommunikasie
- Gesondheids- en kwaliteitstandaarde aan te spreek ten einde verbruikersvertroue te herstel
- Meer fondse vir navorsing en ontwikkeling beskikbaar te stel
- Produsente met meer tegniese markinligting te bemagtig
- Effektief met die Staat te skakel
- Groter ondersteuning te verleen aan nuwe marktoetreders

3.2 Vrywillige Heffing

- Volgens die Bemarkingswet mag ‘n organisaie soos die RPO, of enige ander organisasie ,nie uit statutêre fondse organisatories befonds word nie.
- Die primêre produsent lewer die grootste bydrae tot die heffing en dus is dit noodsaaklik dat die RPO namens die produsent ‘n sterk inspraak sal hê in die Vleisforum, om toe te sien dat die fondse korrek bestuur word.
- Indien die produsent as lid van die RPO hom nie ondersteun in die taak nie sal hy sy segenskap oor die omvang en aanwending verloor. Hierbenewens is daar ook verskeie aksies wat die RPO in

belang van die veeboere onderneem, wat eenvoudig nie sal realiseer sonder die vrywillige bydrae nie.

- Die vrywillige bydrae wat tans van primêre produsente verlang word, beloop slegs 0.15% van die omset by die eerste punt van verhandeling. (dit wil sê slegs R150 uit ‘n omset van R100 000) Sonder hierdie vrywillige bydrae kan die RPO nie funksioneer nie.
- Hierdie heffing word binne elke provinsie deur agente, boereverenigings of individuele boere aan die betrokke provinsiale RPO’s oorbetaal, wat dan weer ‘n vooraf vasgestelde bedrag aan die nasionale RPO oordra ten einde hom instaat te stel om sy organisatoriese en adminastratiewe funksies te verrig.

4. Aksies van RPO in belang van rooivleisprodusente

As ‘n organisasie, uit die boere vir die boere, onderneem die Nasionale- en Provisiale RPO’s ‘n verskeidenheid aksies in belang van die boere.

4.1Federasie van rooivleisprodusente

Rooivleisprodusente in Suid- Afrika bestaan uit twee breë groepe, naamlik:

- Kommersiële boere (wat ongeveer 55% van alle beeste besit)
- Opkomende en komuniale boere (wat ongeveer 45% van alle beeste besit)

Die RPO is oop vir alle boere wat vee bemark en vrywillige heffings betaal. In die praktyk is die lede van die RPO feitlik uitsluitlik

kommersiële boere. Die opkomende boere met hulle eiesoortige probleme en behoeftes het hulle self georganiseer in die “National Emerging Red Meat Producers Organisation” (NERPO). Die meeste probleme van rooivleisprodusente is gemeenskaplik en is dit belangrik dat die twee organisasies nou saamwerk. Die twee organisasies is dan ook saamgesnoer in ‘n Federasie van Rooivleisprodusente.

By die stigtingsvergadering van die Vrystaatse Federasie van Rooivleisprodusente is besluit om die voorsitterskap van die federasie jaarliks te roteer. Goeie samewerking tussen die twee organisasies word ondervind en daar is reeds heelwat vordering op verskeie tereine gemaak. Enkele lede van Vrystaat RPO is reeds geregistreer as mentors vir opkomende boere.

4.2. Owerheidskakeling

Die owerheid op verskillende vlakke het etlike raakvlakke met die Rooivleisbedryf en dit is belangrik dat die RPO as mondstuk van primêre produsente deurlopend met die owerhede op die verskillende vlakke skakel om seker te maak dat die belange van die rooivleisprodusente beskerm en bevorder word. Skakeling met die nasionale en provinsiale departemente van landbou is in hierdie verband veral noodsaaklik. Die Vrystaat se RPO is byvoorbeeld onlangs saam met ander rolspelers in die veebedryf uitgenooi na ‘n vergadering met die LUR van Landbou. Tydens die vergadering is daar besluit om voortaan gereeld bymekaar te kom om sake rakende dieregesondheid in die provinsie te bespreek.

Die hele kwessie van dieregesondheid in die Vrystaat en verskeie ander raakvlakke word later in hierdie inligtingstuk bespreek.

4.3 Internasionale skakeling

Die handelsooreenkomste waaroor tans onderhandel word en die wyse waarop hierdie ooreenkomste gefinaliseer word, sal in die toekoms ‘n belanrike invloed op die ekonomiese oorlewingsvermoë van die rooivleisprodusent hê. Met die handelsooreenkoms wat aangegaan is met lede van die Suid-Afrikaanse Ontwikkelingsgemeenskap, moet die RPO toesien dat die implementering van hierdie ooreenkoms so bestuur word dat dit tot voordeel van die plaaslike rooivleisprodusent sal strek. Die RPO het insette gelewer om ‘n spesiale protokol te vestig in terme van vrye handel met sekere Suid-Amerikaanse state. Indien dit nie sou realiseer nie, word bereken dat die plaaslike prys van rooivleis met 26 % sal daal.

4.4 Produsenteskakeling

Dit is noodsaaklik dat die RPO as organisasie van primêre rooivleisprodusente deurlopend met veeboere skakel. Die Vrystaatse RPO het die afgelope jaar (2009-2010) besondere moeite in hierdie verband gedoen deur middle van:

- ‘n SMS stelsel
- Inligtingsdae saam met NWKV
- Boeredae
- Jaarlikse kongres
- Nuusbriewe (Choppie)
- Karkas kompetisies (Saam met ander instansies)
- Besoeke van streeksbestuurders by DLU’s en BV’s

4.5Verbruikerskakeling en bemarking

Suksesvolle bemarking van enige produk, ook rooivleis, vereis deeglike kennis van:

- die **produk** wat bemark word;en
- die **kliente** aan wie die produk verkoop word

Wat die **produk rooivleis** betref, het onvolledige kennis van spesifiek Suid-Afrikaanse rooivleis in die verlede tot mistastings gelei tot nadeel van rooivleisprodusente. Op grond van navorsing oor die nutrientsamestelling in die buiteland, veral die VSA, het dokters en diëetkundiges in die verlede dikwels die mening uitgespreek dat rooivleis te veel vet bevat en cholesterol bevorder en dus verbruikers aangeraai om rooivleisverbruik te beperk of heeltemal uit te skakel.

Met behulp van fondse beskikbaar uit die statutêre heffing is die afgelope tyd heelwat navorsing in Suid-Afrika gedoen oor die nutrient – samestelling van **Suid-Afrikaanse** rooivleis (tot sover is slegs A2 bees en skaap gedoen). Hierdie navorsing het getoon dat Suid- Afrikaanse rooivleis veel minder vet bevat as die oorsese ekwivalente. (tot soveel as 40% minder) Hierdie en ander voortreflike feite oor Suid- Afrikaanse rooivleis is die afgelope paar jaar sterk uitgedra deur die RPO en ander rolspelers in die vleisbedryf, ook met behulp van fondse uit die statutêre heffing.

- Die bemarking van **skaapvleis** is een van die funksies wat uit die statutêre heffing befonds word en deur die RPO en NERPO bestuur word. Met die beperkte beskikbare fondse is aanvanklik hoofsaaklik gefokus op

gesondheidswerkers as teiken gehoor, naamlik: dokters, dieetkundiges, voedingkundiges, susters en spesialiste

Die **verbruikers** is as teiken gehoor in die tweede fase van die bemarkingsaksie bereik deur:

- Pamflette
- Advertorials in Mediese joernale en Huisgenoot/YOU POLS/PULSE
- Onderhoude (Agri TV)
- Webtuiste
- Epos adres
- Inligtings boekies
- Deelname by wetenskaplike kongresse
- Publikasies in wetenskaplike joernale

Die advertensieveldtog van skaapvleis geskied onder die slagspreuk:"***The way nature intended***"



Die bemarking van **beesvleis,** ook gefinansier uit die statutêre fondse, word deur die SA Voerkraalvereniging bestuur. Die volgende bemarkingsmedia word gebruik.

- Televisie – SABC 1, 2 en 3
- Radio – Zulu, Xhosa, Sotho, Afrikaans en Engels
- Tydskrifte – You, Drum en Huisgenoot
- Skakelaksies – Pers, tydskrifte en spesialiste
- Cleaver toekennings – gefokus op die kleinhandel

- Die advertensieveldtog van beesvleis geskied onder die slagspreuk:"***Beef Up***"

SOUTH AFRICAN BEEF

BEEF UP!

ON THE BEST

SA BEEF-

"A Meal for All Occasions"

TWINS

Feite rondom Rooivleis

- Rooivleis bevat proteine van hoë biologiese waarde wat ryk is aan essensiële aminosure.(boustene van die liggaam se proteiene)
- Rooivleis , met sy uitstekende aminosuurprofiel,kan die ruggraat vorm van ‘n hoëproteien dieet vir gewigsverlies en kan ook ’n belangrike rol speel waar hergroei van spiere moet plaasvind soos vir atlete en na operasies.
- Rooivleis is ‘n ryk bron van die aminosuur taurine. Taurine is ‘n essensiële amonisuur vir pasgebore babas wat tot ‘n mindere mate in staat is om dit self te sintetiseer en dit dus deur moedersmelk moet inkry. Daarom is rooivleisinname belangrik in die dieet van die borsvoedende vrou.
- Rooivleis is ‘n uitstekende bron van yster,wat makliker deur die liggaam opgeneem word as dié van plantvoedsel.
- Rooivleis is ook ‘n baie belangrike bron van sink wat op sy beurt ‘n belangrike mikrovoedingstof vir babas en jong kinders is.
- Rooivleis is ‘n goeie bron van die antioksidant selenium wat ‘n beskermende funksie vervul teen koronêre hartvatsiektes en kanker.
- Rooivleis is ‘n belangrike bron van ander mikrovoedingstowwe soos koper, magnesium, kobalt ,fosfor, chroom en nikkel.
- Rooivleis is ‘n goeie bron van die meeste B- Vitamine. B-Vit uit vlies is meer beskikbaar om fisiologiese funksies te verrig as dié uit plante.Vegetariers moet Vit B12 aanvulling kry.
- Rooivleis is een van die belangrikste bronne van glutatioon wat ‘n belangrike beskermingsmeganisme vorm teen gifstowwe soos aflatoksiene vanaf plante.
- Bloedcholesterol word verhoog deur inname van vet en nie deur inname van maer rooivleis nie. Versadigde vette kom meestal in vetweefsel voor wat maklik afgesny kan word
- Rooivleis bevat betekenisvolle hoeveelhede poli-onversadigde vette en is ‘n ryk bron van mono- versadigde vette
- Skaap- en beesvleis bevat gekonjugeerde linoleiensuur (CLA) CLA is ‘n vetsuur wat kankerwerende en cholesterol verlagende eienskappe besit en ook gewigsverlies bevorder.

Naas kennis van die kwaliteite van rooivleis as die produk wat bemark word, is dit natuurlik ook noodsaaklik om kennis te hê van die **verbruiker as die klient** van die rooivleisprodusent en sy behoeftes. Die maatskaplike verandering in die Suid-Afrikaanse verbruikerspubliek en verbruikers se groter bewustheid van die verband tussen wat hulle eet en hul gesondheid vind sterk weerklank in die eetvoorkeure van verbruikers. Meer vroue en jongmense wat werk en die opkoms van 'n sterk Swart middelklas veroorsaak 'n toenemende vraag na geriefskos wat minder voorbereidingstyd in beslag neem. Die rooivleisbedryf sal moet seker maak dat hy nie agter raak by sy mededingers in die voorsiening van hierdie soort voedsel nie.

Die gesondheidsbewustheid van verbruikers bring mee dat besondere eise gestel word aan rooivleisprodusente ten opsigte van onder andere die voorkoms van vet en hormone in rooivleis. Naspeurbaarheid van vleis word toenemend belangrik en selfs noodsaaklik.

Rooivleisprodusente kan eenvoudig nie die eise en behoeftes van verbruikers ignoreer nie, al dink die produsente dat die eise op blote persepsies gebaseer is. Die tradisionale produkgedrewe fokus sal moet verander na 'n meer verbruikersgedrewe benadering.

Die rooivleisbedryf sal deeglik moet kennis neem van die profiel van die verbruikers van rooivleis en wat hulle wil hê. Die volgende tabel toon die lewenstandaard-maatstaf (LSM) op 'n 10-segmentskaal, van die laagste tot die hoogste maandelikse inkomste en die besteding van die onderskeie groepe aan voedsel:

LSM	Gemiddelde maandelikse inkomste	Inkomste bestee aan voedsel
	R	%
1	1054	71
2	1257	60
3	1611	48
4	2018	38
5	2873	32
6	4709	24
7	7619	18
8	10113	16
9	13585	14
10	20349	11

Bronne: Buro vir Voedsel- en Landboubeleid en Consumerscope, 2008

Die samestelling van die voedselbesteding deur die verskillende groepe verskil aanmerklik. Terwyl LSM 1 (Die armste segment) 11% van hul inkomste bestee aan hoender, gevolg deur bruin brood, rys en mieliemeel, bestee LSM 10 (die rykste groep) 28% aan vleisprodukte, gevolg deur 17% aan voorbereide kos.

Afgesien van hierdie tipe inligting wat die inkomste en bestedingsprofiele van huishoudings weerspieël moet die rooivleisbedryf ook kennis neem van die inkomste-elastisiteit van die vraag na rooivleis, met ander woorde die verandering in die hoeveelheid aangevra teenoor 'n verandering in die inkomste.

'n Inkomste-elastisiteit van meer as een beteken dat 'n 1% toename in inkomste sal 'n meer as 1% toename in vraag tot gevolg hê. Dit is in die geval van "luukse" goedere. 'n Inkomste-elastisiteit van minder as een maar meer as nul sal 'n 1% toename in inkomste minder as 1% in die vraag veroorsaak. Dit geld meestal vir "essensiële" goedere. In die geval van "minderwaardige" goedere is die inkomste-elastiesiteit minder as een, met ander woorde die vraag neem af soos inkomste toeneem. Uit studies blyk dat die inkomste-elastisiteit van die vraag na bees- en kalfsvleis heelwat minder as een is en dus nog as "essensieel" beskou kan word, maar dat die inkomste-elastisiteit van skaap, lam en bok rondom een lê en dus neig na luuksheid.

'n Begrip van die bestedingspatrone op verskillende inkomstevlakke is vir die rooivleisbedryf belangrik. Dit kan help om te bepaal op watter deel van die verbruikersmark gefokus moet word en ook om die gedrag en voorkeure van die kliënte te verstaan.

Heelwat meer navorsing sal nog gedoen moet word om die klienteprofiel van rooivleis en die voorkeure van rooivleisverbruikers te bepaal. Proaktiewe optrede is nodig. Dit is beter om vooraf te bepaal wat verbruikers wil hê as wat gewag word totdat die voorkeure in prysreaksies weerspieël word. As verbruikers eers sy rug op 'n produk gedraai het, word hy nie maklik weer terug gewen nie.

4.6 Vleisklasiefikasiestelsel

Die huidige vleisklassifikasiestelsel is hoofsaaklik ontwerp en ontwikkel vir ‘n stelsel van graanafgeronde beeste in voekrale. Die RPO is van

mening dat die stelsel nie veldafgeronde beeste behoorlik akkommodeer nie en dat die stelsel, soos hy tans toegepas word, beesboere benadeel en hersien behoort te word. Die proses is reeds aan die gang. Die huidige stelsel diskrimineer byvoorbeeld teen geelvet van veldafgeronde diere terwyl die huisvrou geensins voordeel hieruit trek nie. Internationaal word diere onder drie jaar as kwaliteit vleis beskou.

4.7 Invoer- en uitvoermonitering

RPO is voordurend besig om met behulp van Agri Inspec om invoere na Suid-Afrika te moniteer. Agri Inspec is ‘n private onderneming wat op ‘n kontrakbasis, na voorlegging van ‘n begroting, sekere ondersoeke onderneem. Die onderneming het ook reeds ‘n voorlopige ondersoek gedoen oor die onwettige weidingspermitte en beeste wat van uit Lesotho in die Vrystaat wei.

Suid-Afrika is ‘n netto invoerder van rooivleis. Ooraanbod/tekorte word bepaal deur siklusse in die plaaslike mark. Beesvleisinvoere verteenwoordig ongeveer 5 % van die binnelandse beesvleisverbruik en skaapvleisinvoere ongeveer 30 % van die totale binnelandse verbruik van skaapvleis. In beide gevalle is dit beperk tot verwerkte produkte.

Die RPO het daarin geslaag dat die term “LAM” nie vir ingevoerde vleis gebruik mag word nie. Die RPO sien ook toe dat alle ingevoerde vleis gemerk word as “ingevoer”.

Afgesien van vleisinvoere word daar ook lewende slagvee van hoofsaaklik Namibië en Lesotho ingevoer, wat ook die deurlopende aandag van die RPO geniet (Namibiese kleinveeskema)

Sedert die ontstaan van SAMIC het die RPO hom daarvoor beywer dat die organisasie uitvoermoontlikhede namens die hele bedryf moet ontgin. SAMIC het nou ‘n kundigheidsentrum vir uitvoere ontwikkel wat tot groot voordeel van die bedryf is.

4.8 Invoerheffing

Die *ad valorum* invoerheffing van 40% verteenwoordig die hoogste beskerming teen invoere van alle landbouprodukte in Suid-Afrika. Dit is konserwatief bereken ongeveer R4.00 / kg direk in die produsent se sak. Hierdie heffing is tans onder groot druk, maar die RPO veg hard om die heffing te behou. In hierdie verband het die RPO die volle samewerking van NERPO.

4.9 Dieregesondheid

Die RPO verteenwoordig rooivleisprodusente op die Lewendehawe-Welsynkoördingeringskomitee. Verskeie gebruikskodes wat dierewelsyn bevorder, is gefinaliseer.

Die RPO aanvaar, namens die produsente, verantwoordelikheid vir die bestuur van die dieregesondheidstatus van die nasionale kudde en is by die volgende betrokke:

- Bekamping van bek-en-klouseer.
- Skakeling met Onderstepoort Biologiese Produkte.
- Die ontwikkeling van ‘n protokol vir die hervestiging van buffels ten einde die beweging van besmette buffels te beheer.
- Teenkanting teen die invoer van Swartwitpense uit Zambië

- Besluite oor die instandhouding en opgradering van internasionale en veterinêre heinings.
- Die finalisering van die Dieregesondheidswet en die staatsveeartstruktuur.
- Daarstelling van ‘n internasionale stelsel om om BSE (Malkoeisiekte) te monitor.
- In samewerking met die wildbedryf, die aanstelling van ‘n ombudsman vir die skikking van geskille rondom Snotsiekte tussen bees- en wildboere.

Daar bestaan bekommernis by die RPO oor die bedreiging wat veesiektes vir die rooivleisbedryf inhou. Die vraag is nie of die ernstige veesiektes in Suid-Afrika sal uitbreek nie, maar eerder wanneer. Weens 'n te kort aan mannekrag is die beheer oor die land se grense van ± 5000 kilometer geheel en al ontoereikend en veebewegings en smokkelary vind vrylik oor die grense plaas. Dit word betwyfel of die Suid-Afrikaanse staatveeartsenydiens en hul eweknieë in buurlande die vermoë het om die beweging van vee oor die grense en die siektes wat dit tot gevolg kan hê, kan hanteer.

Daar word ook toenemend vrae gevra rondom die voortgesette vermoë van Onderstepoort om die nodige middele teen veesiektes te ontwikkel en te produseer.

4.10 Veediefstal

Die RPO het ‘n belangrike rol gespeel in die totstandkoming van die nasionale en provinsiale veediefstalforums. Hierdie forums is onder andere by die volgende betrokke:

- Die bestuur van veediefstaleenhede in ‘n nuwe bedeling.
- Die implementering van wetgewing met betrekking tot die identifisering van diere.
- Skakeling met die Departemente van Korrektiewe Dienste, Landbou, Vervoer, Buitelandse Sake, die Suid-Afrikaanse Nasionale Weermag sowel as die SAPD en die Openbare Vervolgingsgesag.
- Die herskryf van die Skutwet.
- Finalisering van die Veediefstalwet.

Tenspyte van pogings om veediefstal te bekamp, bly dit steeds op onaanvaarbare hoë vlakke. Die getalle en waarde van veeverliese in Suid-Afrika vanaf 1 APRIL 2008 tot 31 MAART 2009 is soos volg:

- BEESTE		Getal	Rmiljoene
	o Gesteel	59432	R 445,7
	o Teruggevind	25461	R 191,0
	o Verlies	33971	R 254,7
- SKAPE			
	o Gesteel	77472	R 93,0
	o Teruggevind	17973	R 21,6
	o Verlies	59499	R 71,4
- BOKKE			
	o Gesteel	38927	R 54,5
	o Teruggevind	10576	R 14,8
	o Verlies	28351	R 39,7

- BEESTE: R 7 500-00 per eenheid
- SKAPE: R 1 200-00 per eenheid
- BOKKE: R 1 400-00 per eenheid

Omvang van veediefstal in die Vrystaat, April-Maart 2007/08 -2008/09

	Beeste	Skape	Bokke
Getal gesteel **07/08** **08/09**	7456 8313	17874 24732	1024 1251
Teruggevind **07/08** **08/09**	3132 2715	5311 6525	329 387
Verlore **07/08** **08/09**	4324 5598	12563 18207	695 864
Verlies (Rm) **07/08** **08/09**	32.4 42.0	12.6 18.2	1.0 1.2
Totale verlies **07/08** **08/09**			**R46.0 m** **R61.4 m**

'n Ernstige beroep word op die produsente gedoen om alle vee te merk, soos die wet verplig, en om gereeld hul veeregister op datum te hou en om alle diefstalle so spoedig moontlik aan te meld . Daar moet ook seker gemaak word dat Artikel 6 en 8 sertifikate uitgereik word wanneer vee verkoop en verskuif word vanaf die plaas.

4.12 Skadeveroosakende diere

Die pogings om die impak van skadeveroorsakende diere te verlaag word deur die NWKV bestuur. ‘n Nasionale en Provinsiale forums is vir die doel gestig waarop die RPO ook sitting het.

Beraamde verliese per provinsie per jaar @ R600\skaap waarde

Provinsie	Skaapgetal	Verliese/ R
OK	8.3m	R314 m
FS	6 m	R229 m
WK	3.1m	R117 m
NK	8.1m	R311 m
Mp	1.6m	R62 m
KZN	900 000	R33 m
RSA Totaal	29 m	R1.108 bn

4.13Indringerplante

Die RPO het fondse beskikbaar gestel om navorsing te doen oor metodes om indringerplante uit te roei of te bekamp. Die klem het tot dus ver veral geval op die bekamping van slangbos wat in sekere dele van die Vrystaat reeds die weidingskapasiteit van die natuurlike veld ernstig (tot soveel as 80%) laat afneem het.

4.14 Navorsing

Danksy fondse vanuit die statutêre heffing kan uitgebreide navorsing tot voordeel van die rooivleisbedryf gedoen word. Tans word 36 projekte uit statutêre fondse befonds. Hierbenewens befonds die RPO ook ses projekte uit eie fondse.

5 Slotopmerkings

- Rooivleis is ‘n belangrike bron van proteïne
- Oor die afgelope jare was rooivleis die vinnigste groeiende landboukomoditeit
- Die vraag na rooivleis sal oor medium- en langtermyn toeneem
- ‘n Nuwe groeifase in rooivleisbedryf word vanaf 2010 voorsien
- Wees gereed om volle voordele van die nuwe groeifase te benut

Ondersteun die RPO as die organisasie wat die belange van die primêre rooivleisprodusent behartig. Sonder die vrywillige heffings kan die RPO nie funksioneer nie.